Tussentydse resultate

vir die ses maande geëindig 30 September 2006

OMNIA HOLDINGS BEPERK (In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer) Registrasienommer: 1967/003680/06 • Aandelekode: OMN ISIN: ZAE000005153

HOOGTEPUNTE

- Inkomste styg met 18% tot R2,4 miljard
- Wesensverdienste styg met 48% tot R80 miljoen
- Wesensverdienste per aandeel styg met 47% tot 182,2 sent
- Tussentydse dividend van 70 sent per aandeel verklaar

Verkorte Gekonsolideerde Inkomstestate

vir die ses maande geëindig 30 September 2006

R miljoen	Ongeouditeer 6 maande 30/9/06	%	Hersaamgestel hersien 6 maande 30/9/05	Geouditeer 12 maande 31/3/06
Inkomste	**2 438**	18	2 069	4 331
Bruto wins	**438**	13	386	868
Bedryfswins	**144**	30	111	289
Netto finansieringskoste	**(21)**		(30)	(59)
Rente betaal	**(28)**	(10)	(31)	(70)
Rente ontvang	**3**	(40)	5	13
Valutawins/(-verlies)	**4**	(200)	(4)	(2)
Wins voor belasting	**123**	52	81	230
Belasting	**(43)**	59	(27)	(76)
Netto wins vir die tydperk	**80**	48	54	154
Toeskryfbaar aan:				
Ekwiteitshouers van die maatskappy	**80**	48	54	154
Basiese verdienste per aandeel (sent)	**182,2**	47	123,8	353,2
Ten volle verwaterde basiese verdienste per aandeel (sent)	**179,2**	48	121,4	347,0
Finale dividend betaal per aandeel (sent) ten opsigte van die vorige jaar	**85,0**	9	78,0	78.0
Tussentydse dividend per aandeel (sent) verklaar ten opsigte van die huidige jaar	**70**		60,0	60,0
Geweegde gemiddelde aantal uitgereikte aandele (miljoen)	**44**		43	44
Geweegde gemiddelde aantal ten volle verwaterde uitgereikte aandele (miljoen)	**44**		44	44
Aantal uitgereikte aandele (miljoen)	**44**	1	43	44

Verkorte Gekonsolideerde Balansstate

soos op 30 September 2006

R miljoen	Ongeouditeer 30/9/06	Hersaamgestel hersien 30/9/05	Geouditeer 31/3/06
Bates			
Eiendom, aanleg en toerusting	**679**	634	642
Ontasbare bates	**445**	457	455
Uitgestelde belasting	**1**	3	4
Voorraad	**929**	901	619
Handels- en ander debiteure	**1 148**	846	746
Ander bedryfsbates	**58**	46	32
	3 260	2 887	2 498
Ekwiteit en laste			
Aandeelhouersekwiteit	**1 131**	942	1 020
Uitgestelde belasting	**91**	65	88
Nie-bedryfslaste	**15**	23	29
Handels- en ander krediteure	**1 334**	1 023	1 014
Belasting	**4**	23	25
Ander bedryfslaste	**685**	811	322
	3 260	2 887	2 498
Netto rentedraende skuld	**637**	788	303
Netto batewaarde per aandeel (Rand)	**25,87**	21,76	23,38
Valuta-(verlies)/-wins netto van billike waarde en ander aanpassings ingesluit by bedryfswins	**(31)**	4	(1)
Waardevermindering	**28**	26	55
Amortisasie	**10**	10	20
Kapitaalbesteding			
Aangegaan	**65**	43	93
Gemagtig en verbind	**47**	14	12
Gemagtig maar nie gekontrakteer nie	**98**	44	197

Verkorte Gekonsolideerde Kontantvloeistate

vir die ses maande geëindig 30 September 2006

R miljoen	Ongeouditeer 6 maande 30/9/06	Hersaamgestel hersien 6 maande 30/9/05	Geouditeer 12 maande 31/3/06
Bedryfswins	**144**	111	289
Waardevermindering en amortisasie	**38**	36	75
Aanpassing vir nie-kontantitems	**3**	–	(5)
Finansieringskoste	**(25)**	(25)	(57)
Belasting betaal	**(58)**	(57)	(83)
(Benut)/gegenereer deur bedryfskapitaal	**(399)**	(398)	1
(Benut)/gegenereer deur bedrywighede	**(297)**	(333)	220
Dividende betaal	**(39)**	(35)	(60)
(Kontantuitvloe)/-invloei uit bedryfsaktiwiteite	**(336)**	(368)	160
Kontantuitvloei uit beleggingsaktiwiteite	**(65)**	(43)	(87)
Kontantuitvloei uit finansieringsaktiwiteite	**(3)**	(138)	(147)
Netto afname in kontant vir die tydperk	**(404)**	(549)	(74)
Beweging in valuta-omrekeningsreserwe	**66**	(4)	(4)
Netto oortrekking aan begin van tydperk	**(275)**	(197)	(197)
Netto oortrekking aan einde van tydperk	**(613)**	(750)	(275)

Staat van Verandering in Aandeelhouersekwiteit

R miljoen	Gewone Aandeelhouersekwiteit: Verklaarde kapitaal	Tesourie-aandele	Ander reserwes	Opgehoopte winste	Minderheids-belang	Totaal
Op 31 Maart 2005	201	(22)	(14)	755	2	922
Netto wins vir die tydperk				54		54
Afname in valuta-omrekeningsreserwe			(4)			(4)
Aandeelgebaseerde vergoeding			3			3
Tesourie-aandele verkoop		2				2
Gewone dividende betaal				(35)		(35)
Op 30 September 2005	201	(20)	(15)	774	2	942
Netto wins vir die tydperk				100		100
Aandeelgebaseerde vergoeding			3			3
Gewone dividende betaal				(25)		(25)
Op 31 Maart 2006	201	(20)	(12)	849	2	1 020
Netto wins vir die tydperk				80		80
Toename in valuta-omrekeningsreserwe			66			66
Aandeelgebaseerde vergoeding			4			4
Gewone dividende betaal				(39)		(39)
Op 30 September 2006	201	(20)	58	890	2	1 131

Ander Reserves

R miljoen	Ongeouditeer 6 maande 30/9/06	Hersaamgestel hersien 6 maande 30/9/05	Geouditeer 12 maande 31/3/06
Ander reserwes bestaan uit:			
Aandeelgebaseerde vergoedingsreserwe	**17**	10	13
Valuta-omrekeningsreserwe	**38**	(27)	(28)
Verskansingsreserwe		(1)	
Netto diskonto voortspruitend uit verkryging van aandele van filiale	**3**	3	3
	58	(15)	(12)

Verkorte Segmentontleding

vir die ses maande geëindig 30 September 2006

R miljoen	Ongeouditeer 6 maande 30/9/06	%	Hersaamgestel hersien 6 maande 30/9/05	Geouditeer 12 maande 31/3/06
Inkomste, netto van tussensegment verkope	**2 438**	18	2 069	4 331
Chemikalieë	**1 162**	11	1 050	2 103
Mynbou	**470**	15	409	841
Landbou	**806**	32	610	1 387
Bedryfswins	**144**	30	111	289
Chemikalieë	**63**	21	52	112
Mynbou	**65**	3	63	129
Landbou	**16**		(4)	48

AANTEKENINGS

Rekeningkundige beleid

Die verkorte gekonsolideerde finansiële state vir die ses maande geëindig 30 September 2006 is opgestel in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS), IAS 34 – Tussentydse Finansiële Verslagdoening en ingevolge die Noteringsvereistes van die JSE Beperk. Die verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële state sluit nie al die inligting in wat deur IFRS vir volledige finansiële jaarstate vereis word nie.

Die hoofbeleid wat gebruik is ter voorbereiding van die resultate vir die tydperk geëindig 30 September 2006 is konsekwent met dit wat toegepas is in die finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Maart 2006.

Wesensverdienste

Wesensverdienste is gelykstaande aan basiese verdienste.

Hersamestelling van vergelykende syfers

Vergelykende syfers vir die ses maande geëindig 30 September 2005 is aangepas om 'n meer toepaslike aanbieding van resultate soos per die vereistes van IAS 1 te verseker. Die aanpassings word in besonderhede in die Omskakelingsverslag (aantekening 1) by die finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Maart 2006 uiteengesit en het geen wesenlike effek gehad op die gerapporteerde resultate nie. Hierdie aanpassings hou verband met die herklassifikasie van valutaverliese, vooruitdekkingskoste, billike waarde winste en netto monetêre wins tussen verkope, koste van verkope en bedryfsuitgawes. Die openingsbalansstaat soos op 1 April 2004 is ook aangepas met R6 miljoen na 'n meer gedetaileerde hersiening van die verwagte nuttige lewensduur van vaste bates.

Hiperinflasie

Die hiperinflasie-aanpassings, soos vereis deur die rekeningkundige standpunt IAS 29 – Finansiële Verslagdoening in Hiperinflasionêre Ekonomieë, spruit uit die volgehoue devaluasie in die Zimbabwiese Dollar. Die belangrikste aanpassing is 'n afname in bruto wins vir die jaar met R3,8 miljoen (2005: R6,8 miljoen toename). Die netto uitwerking van hierdie hiperinflasie-aanpassings vir die Groep, is 'n netto verlies van R2,2 miljoen (2005: R5,1 miljoen wins).

Dividende

'n Finale dividend van 85 sent per aandeel is op 19 Junie 2006 verklaar ten opsigte van die verdienste van die vorige finansiële jaar. Hierdie dividend word in die huidige tydperk tot 30 September 2006 weerspieël.

'n Tussentydse dividend van 70 sent per aandeel is verklaar ten opsigte van die huidige tydperk.

Verbintenisse

Die toekomstige minimum huurbetalings ingevolge nie-kanselleerbare bedryfshuurkontrakte is R17,2 miljoen (2005: R13,1 miljoen) binne een jaar, R51,4 miljoen (2005: R44,7 miljoen) tussen twee en vyf jaar en Rnul (2005: Rnul) later as vyf jaar, wat 'n totaal van R68,6 miljoen (2005: R57,9 miljoen) beloop.

Klandisiewaarde

'n Jaarlikse waardedalingstoets is op die saldo van klandisiewaarde op 30 September 2006 uitgevoer. Geen waardedalingsverliese het voorgekom nie.

Basiese en verwaterde verdienste per aandeel

Verdienste van R79,532 miljoen is gebruik in die berekening van basiese en verwaterde verdienste per aandeel. Die geweegde gemiddelde uitgereikte aantal aandele was 43,648 miljoen, terwyl die geweegde gemiddelde uitgereikte aantal ten volle verwaterde aandele 44,385 miljoen was.

Kommentaar

Inleiding

Omnia is 'n gediversifiseerde spesialisverskaffer van chemiese dienste wat gebalanseerde belange in die chemikalie-, mynbou- en landboubedryf het.

Die Groep is in wese 'n kennisbesigheid wat sy toonaangewende intellektuele kapitaal en produksiebates van wêreldgehalte aanwend om die produkte en dienste wat hy bied, te diversifiseer. Omnia se unieke sakemodel is gemik op die skepping van buitengewone waarde vir sy kliënte, sodat die Groep 'n premie in sy markte kan verdien en om langtermynverhoudings met sy kliënte op te bou.

Beter kunsmisverkope het bygedra tot 'n bestendige prestasie in die eerste helfte van 2006 in teenstelling met die vorige seisoen, toe die wesenlike mieliesurplus in Suid-Afrika meegebring het dat pryse afgedwing is tot op uitvoerpariteitsvlakke, wat dit onekonomies gemaak het vir boere om te plant. Die hoofaktiwiteite van die Landbouafdeling kom gewoonlik eers voor in die tweede ses-maande tydperk van die jaar, wanneer die hoof planttyd aanbreek.

Finansiële oorsig

Die Groepresultate word gerapporteer ooreenkomstig Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS). Alle vergelykende syfers is hersaamgestel ingevolge IFRS.

Groepinkomste het met 18% toegeneem tot R2,4 miljard (2005: R2,1 miljard), danksy verhoogde verkope deur al die afdelings. Die grootste toename is toeskryfbaar aan die Landbouafdeling. Bedryfswins het toegeneem met 30% tot R144 mijoen (2005: R111 miljoen), terwyl die bedryfsmarge toegeneem het van 5,3% tot 5,9% in die vorige tydperk, grootliks as gevolg van die verbeterde chemikalië- en landbouprestasie.

Rente betaal het afgeneem met 10% tot R28 miljoen (2005: R31 miljoen). Netto finansieringskoste is positief beïnvloed deur 'n R4 miljoen buitelandse valutawins teenoor 'n R4 miljoen buitelandse valutaverlies in die vorige tydperk.

Netto wins het toegeneem met 48% tot R80 miljoen (2005: R54 miljoen).

Die seisoengebondenheid van Omnia se lanbouwerksaamhede het veroorsaak dat die Groep se bedryfskapitaalvereistes ongeveer in September 'n hoogtepunt bereik het. Alhoewel roumateriaalpryse op hoë vlakke gebly het gedurende die tydperk, het netto rentedraende skuld afgeneem tot R637 miljoen (2005: R788 miljoen), hoofsaaklik as gevolg van die verhoogde bedryfswins. Kontant benut deur werksaamhede vir die oorsigtydperk het verminder met R36 miljoen tot R297 miljoen (2005: R333 miljoen), hoofsaaklik as gevolg van die verhoogde bedryfswins van R33 miljoen. In reaksie op die verswakking van die rand was daar 'n R66 miljoen gunstige beweging in die buitelandse valutaomrekeningsreserwe (2005: –R4 miljoen).

Bedryfsoorsig

Chemikalieë

Die Protea-chemikalieafdeling is die toonaangewende verspreider van spesialis-, funksionele en effekchemikalieë in Suidelike Afrika. Hierdie afdeling het 'n beduidende teenwoordigheid in elke sektor van die chemikalieverspreidingsmark en het 44% tot die Groep se bedryfswins vir die tydperk bygedra (2005: 47%).

Inkomste het met 11% toegeneem tot R1 162 miljoen (2005: R1 050 miljoen). Hierdie toename kom merendeels van die laer marge polimeerbesigheid. Matige prysverhogings is slegs onlangs ondervind op ander produklyne as gevolg van die verswakking van die rand.

In ooreenstemming met verwagtinge, het internasionale polimeerpryse toegeneem gedurende die tydperk en met die optimalisering van voorraadvlakke, het bedryfsmarges in die polimeerbesigheid teruggekeer na aanvaarbare vlakke.

Die toename in inkomste het daartoe gelei dat bedryfswins met 21% toegeneem het tot R63 miljoen (2005: R52 miljoen). Bedryfsmarges het marginaal verbeter van 5% tot 5,4%.

Mynbou

Die Mynbouafdeling is die markleier in vermengde-massaplofstofformulerings vir bogrondse mynbou en vervaardig verpakte plofstowwe vir ondergrondse mynbou en gespesialiseerde bogrondse skietwerk. Dit verskaf ook skietbykomstighede en 'n uiteenlopende reeks mynchemikalieë en is tans besig om 'n gevorderde elektroniese slagdoppiestelsel vir kommersiële gebruik voor te berei. Die Mynbouafdeling het 45% tot die Groep se bedryfswins vir die tydperk bygedra (2005: 57%).

Die Groep se Mynbouafdeling het voordeel getrek uit die volgehoue hoë vlakke van mynbouaktiwiteite gedurende die tydperk, veral in steenkool, koper- en ystererts. Dit het gelei tot nog 'n tydperk van merkwaardige groei in BME se massaplofstofvolumes. As gevolg van die volume groei ondervind in die onlangse verlede en die verwagting van verdere groei in die nabye toekoms, is addisionele hulpbronne aan die Mynbouafdeling toegeken. Die groei is egter stadiger as wat verwag is, maar is in lyn met die tempo waarteen mynboulisensies in die industrie goedgekeur word. Dit het die bedryfsmarge beïnvloed, wat afgeneem het van 15,4% na 13,8%.

Daar word steeds tegniese verbeteringe en kostebesparings in die ontwikkeling van die Deltadet-elektroniese ontsteker gemaak. Die volledige kommersialisering van die volgende generasie van hierdie stelsel word binnekort verwag.

Die Mynbouafdeling se inkomste het met 15% gegroei tot R470 miljoen (2005: R409 miljoen), maar die afname in die bedryfsmarge tot 13,8% het veroorsaak dat die bedryfswins met net 3% toegeneem het tot R67 miljoen (2005: R63 miljoen).

Landbou

Die Landbouafdeling produseer en verskaf korrel-, vloeibare- en spesialiteitskunsmis aan individuele boere, koöperasies en groothandelaars regdeur Suidelike Afrika. Die afdeling verskaf ook spesialiteitskunsmis aan boere in Australië en Nieu-Seeland. Die landbouafdeling het 11% tot die Groep se bedryfswins vir die tydperk bygedra (2005: –4%).

Inkomste het met 32% toegeneem tot R806 miljoen (2005: R610 miljoen). Die somerreën wat die begin van die planttyd inlui, het soos vorige jare, nog nie geval nie. Sommige van die verhoogde inkomste is toeskryfbaar aan laer marge verkope in Afrika wat gewoonlik eers in die tweede ses-maande tydperk plaasvind. Bowendien, is bedryfsmarges in die Landbouafdeling tradisioneel aansienlik laer in die eerste helfte van die finansiële jaar in vergelyking met die tweede helfte. Die Landbouafdeling se bedryfsmarge vir die tydperk was 2% (2005: –1%).

Terwyl die Groep se spesialiskunsmiswerksaamhede in Australië en Nieu-Seeland steeds vorder, veral die humaatbesigheid in Australië, het die Groep se landbouaktiwiteite in Afrika laer marges voortgebring as dié behaal in die vergelykbare eerste helfte van die vorige jaar.

Vooruitsigte

Korttermyn

Die Chemikalieafdeling kan gunstige toestande vir die res van die finansiële jaar verwag. Verbeterings wat in die vervaardigingsektor van die Suid-Afrikaanse ekonomie verwag word sal die vraag na die Groep se Chemikalie-aanbieding bevorder. Die steeds hoë olieprys sal die prys van petrochemiese- en afgeleide produkte laat styg. Internasionale chemikaliepryse styg in ooreenstemming met die verbetering in die wêreldwye ekonomie. Hierdie faktore tesame met die onlangse depresiasie van die rand, sal ongetwyfeld 'n impak op plaaslike pryse in Suid-Afrika hê.

Die volgehoue sterk wêreldvraag na metale en minerale is voordelig vir beide die plofstof- en mynbouchemikaliemarkte en selfs na inagneming van die volgehoue koste verbonde aan voortgesette slagdoppie-ontwikkeling, behoort reële groei behaal te word. Daar bestaan uitstekende potensiaal vir die Mynbouafdeling se toekomstige groei in Afrika en hernieude fokus en energie word aangewend om voordeel te trek uit die geleenthede wat spruit uit die afdeling se teenwoordigheid in Afrika.

Wat die Landbouafdeling se korttermynvooruitsigte betref, het die ooraanbod van mielies in die vorige vergelykbare tydperk daartoe gelei dat boere ontmoedig is om mielies aan te plant. Dit het gelei tot 'n aansienlike tekort. Derhalwe word verwag dat hektare wat met mielies aangeplant word sal terugkeer na vorige vlakke. Die jongste verwagte oesvooruitskatting is dat 2,8 miljoen hektare met mielies aangeplant sal word, dit is hoër as die 1,6 miljoen behaal in die vorige seisoen. Gevolglik sal binnelandse kunsmisverkope vir die volle jaar na normaal terugkeer, wat 'n positiewe uitwerking op die Groep se aktiwiteite sal hê.

Die uitstekende reënval in die onlangse verlede het gelei tot gunstige vlakke van ondergrondse water, grondvog en damvlakke. Derhalwe word verwag dat die omgewing 'n gunstige uitwerking gedurende die volgende tydperk op die kunsmisbesigheid en die Groep as geheel sal hê.

Die Groep verwag dus 'n bevredigende verbetering in verdienste vir die jaar geëindig Maart 2007 in vergelyking met dit wat bereik is in die vorige finansiële jaar geëindig Maart 2006.

Langtermyn

Die Groep is gunstig geposisioneer en geleenthede doen hulle gereeld voor wat nasionaal en internasionaal tot groei in die chemiese vervaardigings- en verspreidingsbedrywighede sal lei.

In die Mynbouafdeling sal gunstige metaal- en mineraalkommoditeitspryse na verwagting steeds 'n soortgelyke tendens tot gevolg hê as wat in die oorsigtydperk behaal is, maar dan met verdere groeivooruitsigte wat uit nuwe projekte in Afrika voortspruit.

Die behoefte aan kunsmis is 'n langtermynwerklikheid. Die Suid-Afrikaanse kunsmismark toon elke teken van herstel en sal gekomplimenteer word deur die volgehoue verkope aan ander Afrika-lande. Die tendens na spesialitietskunsmisverkope en dienste binne Omnia gaan voort.

Die Groep het gevorder met sy aansoek om die skoonomgewingsmeganisme (SOM), wat deur die Kyoto-verdrag in werking gestel is ter vermindering van kweekhuisgasvrystellings, te benut. Indien Omnia se aansoek suksesvol is, kan dit tot wesenlike finansiële voordele lei. 'n Projekontwikkelingsdokument (POD) is deur die Aangewese Nasionale Gesag in Suid-Afrika goedgekeur en registrasie daarvan deur die SOM uitvoerende raad in Bonn, Duitsland word verwag. Na verwagting behoort die projek in die 2008 finansiële jaar uitgevoer te word.

Omnia bly daarop gefokus om die Groep se risikoprofiel te diversifiseer en om nuwe groeigeleenthede te ontgin, terwyl op die Groep se kernvermoëns gefokus word.

Dividende

Die direksie kondig met genoeë aan dat 'n tussentydse dividend van 70 sent per aandeel verklaar is vir aandeelhouers wat op Vrydag, 5 Januarie 2007 geregistreer is. Die laaste dag om met dividend te verhandel is Donderdag, 28 Desember 2006. Die aandele sal Vrydag, 29 Desember 2006 sonder dividend begin verhandel en die rekorddatum sal Vrydag, 5 Januarie 2007 wees. Die betaaldatum sal Maandag, 8 Januarie 2007 wees. Aandelesertifikate mag nie van Vrydag, 29 Desember 2006 tot en met Vrydag, 5 Januarie 2007 gedematerialiseer of gehermaterialiseer word nie.

NJ CROSSE
Voorsitter

RB HUMPHRIS
Besturende Direkteur

Bryanston

29 November 2006

STUDIO 5

Direkteure: NJ Crosse *(Voorsitter)*, FD Butler, DL Eggers* *(Groep- Finansiële Direkteur)*, NKH Fitz-Gibbon*, RB Humphris* *(Groep- Besturende Direkteur)*, Prof SS Loubser, Dr WT Marais (Alternatief vir WT Marais), WT Marais *(Adjunkvoorsitter)*, JG Pretorius, DC Radley, TR Scott **Uitvoerende Direkteure*

Geregistreerde kantoor: 1ste Verdieping, Omnia House, Sloanestraat 13, Epsom Downs, Bryanston, Sandton

Posbus 69888, Bryanston 2021
Telefoon (011) 709 8888

Oordragsekretarisse: Ultra Registrars (Edms) Beperk
Diagonalstraat 11, Johannesburg 2001
Posbus 4844, Johannesburg 2000

www.omnia.co.za